# HOOFSTUK 1
# INLEIDING EN POSISIONERING

## 1.1 AGTERGROND

### *1.1.1 Die breë Afrika-konteks*

Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) se klein landelike gemeentes binne die gebiedsinode van Noord-Transvaal staan voor ‘n ernstige leierskapprobleem. Maar ons moet die kwessie van kerklike leierskapontwikkeling wyer sien as die fokus van hierdie ondersoek, want die kerk in Afrika ervaar ‘n leierskapkrisis - ‘n krisis wat deur onafhanklike studies gestaaf word (vgl Wilhelm 1998:3-6). Oor dié krisis laat Osei-Mensah (1990:8) hom so uit:

> There is an acute shortage of trained leadership at all levels in the church in Africa today, especially given the current phenomenal rate of growth of the Christian community on the continent. But what kind of leaders do we need? What kind of leaders should we be training to meet the future needs of our churches in Africa?

In sy ondersoek wys Wilhelm (1998:3) daarop dat die Suid-Afrikaanse situasie ook in ‘n kerklike leierskapkrisis gedompel is. Daarvoor haal hy Combrinck (1990:306) aan as stawende bron wat ‘n ontleding gemaak het van pastors/leiers per gemeente in Suid-Afrika. Van belang vir hierdie studie uit Combrinck (1990) se ontleding is dat daar vir *Gereformeerdes slegs 0.84 leraars per gemeente* is. Bykans dieselfde toestand heers ook in die sinode van Noord-Transvaal (VGKSA). Waar 96 leraars 128 gemeentes in die sinodale gebied moet bedien, is daar *0.75 leraars per gemeente*.
Dit staaf dat ons in die VGKSA saam met ander kerke in Suid-Afrika én op die vasteland ‘n akute tekort aan kerkleiers het. Dit maak leierskapontwikkeling dus ‘n saak van erns. Daarom durf ons die stemme wat hiervoor opgaan nie langer ignoreer nie. Kom ons luister na ‘n paar van hierdie stemme.

Watson Omulokoli (1992:13) skryf:

> There is a crisis of leadership in the church in Africa today. At the root of this crisis is the vacuum which exists because the church needs larger numbers of leaders of high caliber than are presently available within its fold.

Guy Charlton (1994:7), 'n Suid-Afrikaanse leierskapkonsultant laat hoor:

> In essence, the myriad of problems confronting our country result from ineffectual leadership. Conversely, much of the future challenge lies in accelerating the development of leader-ship at every level of national life.

Omdat die kerk 'n onlosmaaklik deel van die samelewing is, geld hierdie stem vanuit die sekulêre bestuurswetenskappe ook vir kerklike leierskap en die ontwikkeling daarvan.

Skryf Tite Tiènou (voorwoord in Osei-Mensah 1990:vi):

> One of the major crises facing African Christianity today is in the area of leadership.

PACLA II se primêre fokus was op leierskap en die taak van leierskap-ontwikkeling. Onderliggend aan die samekoms was dat begrip getoon is vir die leierskapkrisis wat Afrika in die gesig staar. Daarom was die sentrale tema vir die konferensie dan ook: *'Developing Godly leaders for Africa.'* Die program het gefokus op die roeping en taak om God-vresende leiers te ontwikkel wat in staat sou wees om die leierskap-krisis in Afrika op alle lewensfere die hoof te bied (Wilhelm 1998:7).

Kom ons hoor vir oulaas wat twee stemme uit Afrika vir ons sê. Gottfried Osei-Mensah (1990:8) skryf:

> The church all too readily begins to copy the world's models of leadership

> (and) the world enters and begins to press the church into its own mould. But the model of leadership that the Scriptures consistently commend to the people of God is instead what we may call the 'servant-leader.'

Tokunboh Adeyemo, 'n Nigeriër en die algemene sekretaris van die *Association of Evangelicals in Africa* het hom só uitgelaat oor Christelike leierskap binne die Afrika-konteks:

> Africa may yet prove to be the continent of the 21st century. However, *leadership development poses a challenge for the growing but perpetually understaffed African church* (in Guthrie 1996:2, aangehaal deur Wilhelm 1998:8). (My skuinsdruk en beklemtoning)

Gesien binne die breër Afrika-konteks is die problematiek rondom leierskap in klein landelike gemeentes van die VGKSA derhalwe 'n mikrokosmos van die veel groter probleem. Dit is aan dié manifestasie in die kleine waaraan ek in hierdie studie aandag gee. Om die leser in die regte perspektief te plaas, begin ek met 'n kort historiese terugblik.

### *1.1.2 'n Kort historiese terugblik*

Die sinode van 1857[1] van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) het die weg gebaan vir die totstandkoming van aparte sending- of dogter-kerke[2] in Suid-Afrika. Die eerste van hierdie rasgeskeide kerke was die *Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* (NGSK)

---

1. Volgens Saayman (1979:111) kan ons 'kerk-apartheid' nie simplisties sien as die logiese verbreiding van 1857 se sinodebesluit nie. Die eenheid van swart en wit Christene in een NG Kerk is gesien as verkieslik (desirable) en in ooreenstemming met die Skrif. Taal en kultuur het in die 1857-besluit geen rol gespeel in die skeiding van Christene nie, maar dit was bloot weens 'die swakheid van sommiges'. Die sinode (NGK) van 1974 het die skeiding op grond van ras as skriftuurlik beskou. So is die bestaan van afsonderlike kerke op grond van taal, kultuur en nasionale affiliasie ook as noodsaaklik gesien. (Vgl ook Botha & Naudé 1998:25v oor die skeiding van rasse in die Suid-Afrikaanse geloofsgemeenskap en die hartseer wat dit sou bring.)

2. Dié begrippe *sending-* en *dogterkerke* is uitgedien en spreek van paternalisme. Dit word hier bloot binne 'n bepaalde historiese konteks gebruik.

vir kleurlinge[3] in 1881. Hierna sou die *NG Kerk in Afrika* (NGKA) vir swart mense en die *Reformed Church in Africa* (RCA) vir Indiërs tot stand kom. So is die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op grond van kleur geskei (Strassberger 1974:14, 15; De Gruchy 1979:9).

Op 14 April 1994 het die VGKSA tot stand gekom uit die eenwording van die voormalige NGSK en die NGKA. Die VGKSA is geyk op die Belydenis van Belhar (Belhar) wat saam met die ekumeniese simbole[4] en die Drie Formuliere van Eenheid[5] dié Kerk se geloof en belydenis tot uitdrukking bring (vgl Botha & Naudé 1998:62, 64, 98; God se kinders 2, 2001:184, 185). Deur Belhar (1986) het die voormalige NGSK apartheid[6] teen-gestaan. Belhar se drie hooftemas is *kerkeenheid, versoening* en *geregtigheid* wat geskied in *gehoorsaamheid* aan die oerbelydenis: *Jesus Christus is die Here!* (Toegerus vir dienswerk 1988:18; Botha & Naudé 1998:6; 47-54). Die gesprek om eenwording tussen kerke uit die eertydse Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie in Suid-Afrika is 'n voortgaande proses (*Kerkbode* 23 Mei 2003; 13 Junie 2003).

Die VGKSA is oor die algemeen 'n materieel arm kerk, want armoede is deel van dié Kerk se historiese erfenis. In die middel-vyftigerjare van die twintigste eeu is apartheidswetgewing met spoed ingestel en toegepas. Dit sou die kerke in Suid-Afrika nie onaangeraak laat nie (De

3. *Kleurling* word nie pejoratief gebruik nie, maar bloot as 'n historiese gegewe. (Sien Botha, N A & Du Preez, J L C 1999:18, 19).

4. Die Apostolicum of Apostoliese Geloofsbelydenis (die Twaalf Artikels), die geloofsbelydenisse van Nicea én Athanasius as algemene belydenisse wat alle Christene gebruik (God se kinders 2, 2001:10).

5. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561), die Heidelbergse Kategismus (1563) en die Dordtse Leerreëls (1618-1619) (God se kinders 2, 2001:14, 15).

6. Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis van rasseskeiding en rassediskriminasie. In 1948 sou die verhoudingsvraag tussen blankes en nie-blankes die Suid-Afrikaanse politieke toneel oorheers. Onder die nuwe slagspreuk van *Apartheid* is die ou segregasiebeleid as verkiesingskwessie ingespan. Na 1948 sou rasseskeiding in Suid-Afrika 'n politieke ideologie word (Van Jaarsveld 1975:37, 38, 254). Apartheid verwys na rasseskeiding onder Nasionaliste bewind in Suid-Afrika en die etniese indeling van swart mense in plattelandse tuislande, asook in *townships* aangrensend aan 'wit' dorpe in stedelike gebiede (Van Jaarsveld 1975:258, 343). Die NGK het die apartheidsplan van die blanke regering sedert 1948 ondersteun en dit selfs uit die Bybel geregverdig (Botha & Naudé 1998:26).

Gruchy 1979:59). Dit het in die apartheidsera die NGSK en die NGKA hoofsaaklik die kerke in die *townships, uitgestrekte landelike gebiede*, of van *histories-benadeelde mense* gemaak. Toe én nou is armoede, met gepaardgaande werkloosheid, 'n kenmerk van die meeste gemeentes van die VGKSA. Maar ook in hierdie donker prentjie van armoede en werkloosheid is die kerk van Jesus Christus teenwoordig.

Die Groepsgebiedewet van 1950 was die Nasionale Party se instrument om, in die toepassing van die apartheidsideologie, die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika op rassegronde te skei (Van Jaarsveld 1975:334). Gedwonge verskuiwings van mense onder die Wet op Groepsgebiede (soos van tyd tot tyd tot 1961 gewysig) sou dikwels tot ontworteling en swaarkry lei (Botha & Naudé 1998:26,27). Die effek van apartheid was gemeenskapsvernietigend (Pieterse 1993:12) en deur die Groepsgebiedewet is dit veral die swart mense wat gedoem was tot 'n bestaansekonomie in die veraf landelike gemeenskappe (Pieterse 2001: 50). Dit is die duisende mense wat vandag deur hul gereformeerde erfenis en belydenis lidmate is van die VGKSA.

### *1.1.3 Afbakening van navorsingsveld*

Ek gaan die studie beperk tot die VGKSA se gebiedsinode van Noord-Transvaal[7] wat uit *128 gemeentes* bestaan en wat oor 'n gebied van nagenoeg 240 000 km$^2$ verspreid lê. Van die 128 gemeentes is agt, te wete Brits, Mara, Middelburg-Nasaret, Onverwacht, Pietersburg-Westernburg, Pretoria (Eersterust), Rustenburg-Karlienpark en Witbank-Schoongezicht gemeentes uit die voormalige NG Sendingkerk. Vyf van dié gemeentes - Brits, Middelburg-Nasaret, Pietersburg-Westernburg, Pretoria en Rustenburg-Karlienpark[8] - is tans sonder 'n eie leraar. Al elf amptelike tale van Suid-Afrika word deur die lidmate van die VGKSA in die streeksinode van Noord-Transvaal gepraat, maar in die plek van Afrikaans het Engels in

7. Op die sinodesitting (VGKSA) van September 2003 gehou te Skuilkrans (Pretoria) is besluit dat die naam Noord-Transvaal in die lig van die veranderde politieke situasie 'n naamfout is en dat die sinodale kommissie aandag moet gee aan 'n gepaste naam vir die gebiedsinode.

8. Ds J A Beukes, emeritusleraar van die gemeente, bedien tans nog die gemeente op 'n jaarlikse kontrakbasis.

kerklike vergaderings die voertaal geword.

Die gebiedsinode van Noord-Transvaal se grense loop wyd oor vier provinsies. Dit sluit in Limpopo in die noorde, Mpumalanga in die ooste, gedeeltes van Noord-Wes Provinsie in die weste, en Noord-Gauteng in die suide. Verder huisves die gebiedsinode ook die apartheidskeppinge van die voormalige onafhanklike Venda en selfregerende tuisland Lebowa in die noorde, 'n deel van die eertydse onafhanklike Bophuta-tswana in die weste, en die vorige selfregerende tuislande van Gazankulu en KaNgwane na die ooste, asook KwaNdebele na die suidooste met al die komplikasies van armoede en werkloosheid. In die gebiedsinode vind ons dus stede, dorpe, plase en die uitgestrekte tradisionele plattelandse gebiede. Laasgenoemde is die fokus van hierdie ondersoek.

### 1.1.4 *Realiteit van gemeentes sonder leraars in die gebiedsinode*

Uit die 128 gemeentes is 48 tans sonder 'n eie leraar.[9] Van dié gemeentes is daar *23* met *belydende lidmate* wat wissel *van 18 tot 400* en wat ek vir die doeleindes van hierdie ondersoek as *klein gemeentes*[10] tipeer. Kenmerkend van dié 23 klein gemeentes, asook die meerderheid van die oorblywende 25 groter gemeentes, is dat hulle materieel arm is, in landelike gebiede lê met 'n hoë voorkoms van werkloosheid en die maatskaplike problematiek wat daarmee saamval.

Pieterse (2001:32) wys daarop dat alhoewel ons armoede onder alle etniese groepe in Suid-Afrika aantref, is dit duidelik by swart mense gekonsentreer en dat die meeste armes in die veraf gebiede op die platteland woon. Die diepste armoede kom in die Oos-Kaap, Noord-Wes, Limpopo en Mpumalanga voor (Pieterse 2001:37). Drie van hierdie brandarm gebiede -

---

9. Die term *'gemeente sonder 'n eie predikant/leraar' en 'gemeente met 'n vakante leraarspos'* word as wisselterme gebruik vir daardie gemeentes wat nie oor 'n eie predikant (hetsy voltyds of deeltyds) beskik nie en dus op 'n konsulent aangewese is. Kyk voetnoot 18 vir die verduideliking van die term *konsulent* soos ek dit in hierdie studie gebruik.

10. 'n Algemene verskynsel by groot plattelandse gemeentes is die bestaan van *wykskerke*. Alhoewel hulle as deel van die gemeente se *hoofkerk* funksioneer, is hulle in wese ook *klein gemeentes*.

Noord-Wes Provinsie, Mpumalanga en Limpopo Provinsie - val binne die grense van die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal.

Verder bestaan die plattelandse gemeentes veral uit vroue en skool-kinders. Vele klein plattelandse gemeentes se lidmate is hoofsaaklik plaaswerkers en huishulpe. Vir dié gemeentes maak dit 'n predikant onbekostigbaar. Anders as met stedelike gemeentes word die landelike gemeentes die minste deur die wit kerke gesubsidieer terwyl juis hulle geldelike steun die meeste nodig het (Maluleke 2002:11).

Swart gemeenskappe leef dikwels ook in die greep van vrees en ontbering as nalatenskap van apartheid. Maar naas apartheid het die kerk ook meegewerk aan die lyding van mense. Molipa (1995:11) wys op die ongelykhede tussen swart en wit gemeentes van dieselfde denominasies. Swart gemeentes is dikwels groot en word normaalweg deur 'n enkele pastor of priester bedien en weens 'n tekort aan geld is die gemeente se fasiliteite boonop skraps.[11]

Die 128 gemeentes van die gebiedsinode van Noord-Transvaal wat nagenoeg *119 429 doop-* en *110 089 belydende lidmate* het, word deur 96 geordende leraars en 21

11. In 2004 was daar 323 *beroepbare proponente* in die NG Kerk. Hiervan is 38 kandidate wat in November 2003 gelegitimeer is by die Teologiese Fakulteite van Stellenbosch (15), Pretoria (10) en Bloemfontein (13) (Jaarboek 2004:292-295). Dié gegewens onderstreep Molipa (1995) se standpunt.

evangeliste[12] bedien wat bygestaan word deur 9 lekewerkers.[13] Van die 96 leraars[14] is ***41 deeltydse- of tentmaker-leraars***[15] (Louw 2004) wat hul lewensonderhoud uit ander sekulêre bronne[16] moet aanvul of bykans volledig verdien. Die situasie rondom werkkragte word verder verswak deur die staking van evangeliste-opleiding[17] al etlike jare gelede.

Persone wat reeds as evangeliste toegelaat is, kan deur aanvullende studie uiteindelik georden en as leraars in gemeentes bevestig word. Die aftree-ouderdom vir evangeliste is 65 jaar, maar persone van gevorderde ouderdom wat om persoonlike of ander redes die aanvullende studie nie as ‘n opsie oorweeg nie, sal tot hul aftrede dus as evangeliste aanbly. Dit bring dan mee dat die amp van evangelis binne afsienbare tyd in die VGKSA sal uitfaseer.

Die 48 gemeentes sonder ‘n eie leraar verteenwoordig in die sinodale gebied ‘n lidmatetal van 27 482. Hiervan is 5 643 **- of dan *21%* -** lidmate van die 23 klein gemeentes sonder ‘n eie

---

12. Die woordeboekbetekenis van *evangelis* is dié van ‘n ongeordende geestelike werker in die gemeente (Verklarende Afrikaanse Woordeboek 1993, s v ‘evangelis’), of ‘n ongeordende prediker (HAT 1994, s v ‘evangelis’). In die apostoliese eeu was evangeliste helpers van die apostels met die verkondiging van die evangelie en die stigting van gemeentes (Hd, 8:2; 2 Kor. 8:18; Flp 2:25; 2 Tim 4:5) en het waarskynlik die amptelike bevoegdheid gehad om die doop en die nagmaal te bedien (Kleynhans 1984:20, 21). Binne die konteks van hierdie studie, en soos die amp van evangelis in die NGKA en NGSK as voorlopers van die VGKSA sou uitkristalliseer, word ‘n evangelis omskryf as ‘n ongeordende prediker met die amptelike bevoegdheid om die doop en nagmaal te bedien. Kyk bylae 4 as uiteensetting van bepaling 15, 18 en 20 wat handel oor die pligte van evangeliste en ouderlinge.

13. *Lekewerkers* is persone aangestel deur die kerkraad om geestelike bearbeiding in die gemeente te doen sonder dat sodanige persoon oor teologiese opleiding beskik (Kritzinger 1979:93).

14. Van die 96 predikante is 15 blankes - 14 is gelegitimeerdes van die NG Kerk. Van die blanke predikante is net ses nog voltyds. Volgens die Jaarboek (VGKSA) vir 2004 is 95 predikante gelys onder leraars van die VGKSA Noord-Transvaal (Jaarboek 2004:20-24). Die naam van ds EMK Maphike van Rustenburg-Tlhabane is nie gelys nie (Jaarboek 2004:16).

15. In hoofstuk 2 (paragraaf 2.6) word hierdie bedieningsvorm bespreek.

16. Die meeste deeltydse leraars is voltydse onderwysers, dosente aan universitieite of kolleges, weermag- of polisiekapelane, terwyl enkeles ook ‘n eie besigheid bedryf.

17. ‘n Verslag het voor die Algemene Sinode van die NGKA te Tshilidzini (1971) gedien oor die behoefte van evangeliste in die kerk. Deur die meerderheid gemeentes is die evangelis as ‘n onmisbare werkkrag beskou (Kritzinger 1979:18).

leraar. (Kyk bylae 1 se opsommende tabel). Enkele groot gemeentes sonder 'n eie leraar word bedien soos uiteengesit in tabel 1.1.

**Tabel 1.1**: *Gemeentes bedien deur evangeliste en leerwerker*

| **Gemeente** | **Lidmaattal** | **Tipe gemeente** | **Deur wie bedien** |
|---|---|---|---|
| 1. Dinokana-Kgote | 871 | Medium-groot | Een evangelis |
| 2. Letaba | 1 550 | Medium-groot | Twee evangeliste |
| 3. Nthume | 1 228 | Medium-groot | Een evangelis |
| 4. Philadelphia | 820 | Medium | Een evangelis |
| 5. Piet Retief | 1 160 | Groot | Een evangelis |
| 6. Pongola | 355 | Klein | Een evangelis |
| 7. Rustenburg-Bleskop | 1 380 | Medium-groot | Een evangelis |
| 8. Shingwedzi | 662 | Medium | Een evangelis |
| 9. Witrivier | 1 138 | Medium-groot | Een evangelis |
| 10. Waterberg (Vaalwater) | 195 | Klein | Een leerwerker |
| **Totaal** | **9 359** | **10 gemeentes** | **10 evangeliste**<br>**01 leerwerker** |

Bron: Jaarboek 2004. Sinode van Noord-Transvaal (VGKSA)

Uit tabel 1.1 blyk dat 9 359 belydende lidmate in gemeentes wat wissel van klein tot groot, vir hul pastorale versorging geholpe is by wyse van 10 evangeliste en 'n leerwerker wat deur die konsulent[18] van die betrokke gemeente bygestaan word. Maar in die oorblywende gemeentes met vakante leraarsposte is daar *18 123 belydende lidmate* wat pastoraal net op 'n konsulent aangewese is. Dít is die gemeentes waar die prediking Sondag na Sondag gedoen word deur honderde mans, vroue en jongmense met *geen opleiding* daartoe nie (Kritzinger 1979:31). (My beklemtoning)

18. 'n *Konsulent* is 'n predikant in die kerke van Protestantse herkoms wat die belange van 'n naburige gemeente tydens 'n vakature moet behartig, of gemeentes met raad en daad bystaan wanneer gemeenteleraars om die een of ander rede nie normaalweg met hul arbeid kan vortgaan nie (HAT 1994, s v 'konsulent'; Verklarende Afrikaanse Woordeboek 1993, s v 'konsulent'). Bepaling 63 van die Kerkorde vir Noord-Transvaal (VGKSA) 1999 beskryf die pligte van 'n konsulent in gemeentes met 'n vakante leraarspos. 'n Konsulent moet so 'n gemeente minstens vier maal per jaar besoek vir die bediening van die Woord en sakramente, asook die lei van kerkraadsvergaderinge. Konsulente word jaarliks aangewys deur die ring waarin hulle dien. Oor hul optrede in gemeentes aan hulle toegewys, moet konsulente jaarliks aan die ring verslag doen.

In die sinode van Noord-Transvaal (VGKSA) bedien die meeste groot plattelandse gemeentes uitgestrekte landelike gebiede. Kranspoort, Ohrigstad, Pietersburg, Warmbad, die drie Saulspoort gemeentes, Rustenburg-Bleskop, Rustenburg-Tlhabane, Lepelle en Hlanganani is voorbeelde van óf landelike gemeentes óf stedelike gemeentes met 'n sterk landelike komponent. Kenmerkend van hierdie gemeentes is die wykskerke waar daar in die meeste gevalle kerkgeboutjies staan. Weens die leraarsvakatures, asook die uitgestrektheid van talle plattelandse gemeentes met hul talle wykskerke of preekpunte, word daar op die ouderlinge as plaaslike gemeenteleiers swaar gesteun (Jordaan 2004). Hulle is die manne en vroue wat Sondae preek, mense begrawe en die lidmate pastoraal versorg. Dié is die gemeenteleiers wat sonder vergoeding werk en vir hierdie besondere take geen spesifieke opleiding het nie. Onder hulle is daar onderwysers, klerke, polisiebeamptes en ongeletterdes (Kritzinger 1979:13).

Op grond van die profiel van lidmate (kyk bylaes 2a en 2b) sien die verspreiding van die 128 gemeentes só daar uit:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 018 | > | 400 lidmate | (**42** gemeentes) = | 32.8% |
| 401 | > | 800 lidmate | (**28** gemeentes) = | 21.9% |
| 801 | > | 1 600 lidmate | (**36** gemeentes) = | 28.1% |
| 1601 | > | 2 500 lidmate | (**10** gemeentes) = | 7.8% |
| 2501 | > | 3 500 lidmate | (**02** gemeentes) = | 1.6% |
| 3501 | > | 6 500 lidmate | (**04** gemeentes) = | 3.1% |

**6 gemeentes** is sonder nuwe gegewens = 4.7%

Die probleme wat die meeste gemeentes binne die sinodale gebied in die gesig staar, is *armoede*, die *tekort aan predikante* wat net sal vererger wanneer die bestaande evangeliste nie meer vir pastorale bearbeiding beskikbaar is nie, asook die *onbetrokkenheid van manlike lidmate*.[19] Die voortgaande pastorale versorging van al die doop- en

19. Tydens die Ring van Middelburg (VGKSA) se sitting te Ekangala (16 tot 18 Augustus 2002) is kommer uitgespreek oor die onbetrokkenheid van manslidmate in die aktiwiteite van gemeentes. Alles moontlik word gedoen om die Christelike Mannebediening in alle gemeentes aan die gang te kry. Saam met die Christelike Jeugbeweging en die Christelike Vrouebediening is die Christelike Mannebediening deel van die kerklike bedieninge wat op gemeentevlak georganiseer word (Bepaling 94 van die Kerkorde en Aanvullende bepalinge vir 1999 Noord-Transvaal).

belydende lidmate binne die sinode van Noord-Transvaal is ‘n uitdaging aan die VGKSA. Hierdie uitdaging hou onder andere in dat gemeente-leiers binne die konteks van die gemeente ontwikkel moet word om, in die afwesigheid van leraars, te preek én vir ander pastorale pligte in die gemeente as toegeruste werkkragte verantwoordelikheid te aanvaar.

## 1.2 KERNAREAS VIR DIE NAVORSINGSONTWERP

### *1.2.1 Die konteks van die studie*

My navorsingsontwerp gaan in hoofstuk 5 op die tafel kom. Omdat ek kwalitatiewe navorsingsmetodes in die ondersoek gaan gebruik, is dit goed om die konteks of geskiedenis van die studie kortliks te skets (Kloppers 1997:23). Ek vind dit ook verder nodig om vanuit ‘n sosiale navorsingsperspektief die leser van die proefskrif binne ‘n bepaalde konteks te plaas, want, skryf May (1997:20, 21): “Both the researcher and those people in the research carry with them a history, a sense of themselves and the importance of their experiences.”

Daar is alreeds in 1.1.3 daarop gewys dat ek die navorsing gaan beperk tot die VGKSA se gebiedsinode van Noord-Transvaal. Ek is self ‘n predikant in die VGKSA en bedien sedert April 2002 as deeltydse leraar die gemeente Witbank-Schoongezicht. Sedert September 2002 is ek ook konsulent vir die gemeente Ogies wat ek op ‘n maandelikse basis bedien. By die gemeente Merlindale was ek in 2003 betrokke as voorsitter van die ringskommissie, maar by die ringsitting van 2003 is ek vir die tydperk September 2003 tot Augustus 2004 aangewys as konsulent van dié gemeente, asook vir die gemeente Ekangala na die afsterwe van die leraar op 9 September 2003. Alhoewel Ekangala vir hierdie studie nie binne die klassifikasie van ‘n klein gemeente val nie, het Ekangala ook wykskerke op Verena en Dark City met ‘n eie erediens op Sondae wat - in die afwesigheid van ‘n leraar - deur die plaaslike ouderlinge behartig word.

Al vier hierdie gemeentes val in die Ring van Middelburg binne die gebiedsinode van Noord-Transvaal.[20] Die Ring van Middelburg bestaan uit nege gemeentes, te wete Bronkhorstspruit,

20. Die 128 gemeentes van die gebiedsinode is in 18 ringe ingedeel. (Kyk bylae 3)

Ekangala, Hlanganani, Merlindale, Middelburg, Middelburg-Nasaret, Ogies, Witbank en Witbank-Schoongezicht. Vyf van die ringsgemeentes - Bronkhorstspruit, Ekangala, Merlindale, Middelburg-Nasaret en Ogies - is sonder ‘n eie predikant.

Die gemeentes Witbank-Schoongezicht, Ogies en Merlindale het elk minder as 400 belydende lidmate sodat hulle binne die kader val wat ek vir die ondersoek as *klein gemeentes*[21] tipeer. Al drie die gemeentes ken die problematiek van jarelange vakante leraarsposte, want dit is aan die lyf gevoel. My betrokkenheid as pastor van Schoongezicht en konsulent van Ogies en Merlindale, asook Ekangala met sy wykskerke maak my ‘n deelnemende waarnemer in die navorsing (Baker 1994:245; Mouton 1996:145).

Voor my bevestiging as gemeenteleraar was die gemeente Witbank-Schoongezicht vir tien jaar of langer sonder ‘n eie leraar. Tydens die vakantskap is die pastorale versorging gedoen deur konsulente wat normaalweg die gemeente een maal in drie maande vir sakraments-bediening sou besoek. Dr Tienie Zeeman, ‘n emeritusleraar van die NG Kerk, het die gemeentebediening op ‘n vrywillige basis aangevul deur een keer per maand ‘n erediens te lei. Hy was tot kort voor sy afsterwe op 31 Oktober 2004 op hierdie wyse in die gemeente betrokke.

Verder was ds Henk Theron, ook ‘n emeritusleraar van die NG Kerk, vir ongeveer 18 maande tot met sy afsterwe as pastorale hulp tydens die vakantskap in die gemeente werksaam. Sy vergoeding is volledig deur die NG Kerk se Ring van Witbank gedra. Vir die res van die eredienste en ander pastorale pligte in die gemeente moes die kerkraad, en by name die ouderlinge, self as gemeenteleiers instaan. Behalwe een ouderling wat oor ‘n honneursgraad in Bybelkunde beskik, was die ander ouderlinge sonder enige spesifieke opleiding vir hierdie taak.

Die gemeente Ogies is sedert 2000 na die aftrede van die voltydse leraar sonder ‘n eie predikant. Weens gebrek aan geld en omdat die gemeente eers ander finansiële verpligtinge

---

21. Binne die konteks van hierdie studie word ‘n klein gemeente ook beskou as die *wykskerke* van groot plattelandse gemeentes.

rondom die aftrede van die voltydse leraar moes nakom, kon hulle tot nou nog nie ‘n voltydse of selfs deeltydse leraar beroep nie. Behalwe die woonbuurt Phola by Ogies, is daar so ‘n 20 kilometers vanaf Ogies by Rietspruit ook ‘n wyk[22] van die gemeente. Vier kerkraadslede bedien tans die 75 lidmate in die wyk.

Vir die Sondae in die maand wat ek as konsulent Ogies nie kan besoek nie, moet die ouderlinge ten volle instaan vir die prediking en die ander pastorale pligte by Phola en Rietspruit, maar geeneen van hulle is spesifiek daarvoor opgelei nie. Op die kerkraad van 12 lede dien enkele onderwysers, ‘n dosent aan ‘n kollege, asook een ouderling wat ‘n bestuurspos by ‘n myn beklee. Die res van die kerkraad bestaan uit mense met relatief lae skolastiese kwalifikasies.

Die gemeente Merlindale het nog nooit ‘n eie predikant gehad nie en is sedert stigting in 1965 ‘n konsulentgemeente. Drie ouderlinge en vier diakens vorm die kerkraad. Weens sy siektetoestand kon die leraar van Ekangala as konsulent van Merlindale gedurende 2003 nie die vereiste kwartaalbesoeke in terme van die Kerkorde aan die gemeente bring nie. Die ouderlinge moes toe merendeels preek en ook vir die gemeente se pastorale versorging verantwoordelikheid aanvaar. Een ouderling is die hoof van ‘n laerskool en die ander kerkraadslede is meestal klerke, arbeiders en huishulpe, maar geeneen van hulle het enige teologiese skoling nie.

Omdat die gemeente Merlindale nie ‘n eie kerkgebou, pastorie of ‘n bouperseel het nie, is dit in dié opsig veel slegter daaraan toe as die buurgemeente Ogies. Vir die aankoop van grond en die oprigting van ‘n kerk en pastorie is daar nie geld nie. Die gemeente maak op Sondae gebruik van die NG Kerk, Krielpark, se kerkgebou. Daar is ook geleenthede waar die leraar van Krielpark self hierdie eredienste lei (Fourie 2003; Khukhama 2003).

‘n Groot persentasie lidmate van die VGKSA se sinode van Noord-Transvaal leef op die

---

22. Rietspruit is ‘n myndorp en is eintik ‘n *wykskerk* van Ogies. Die mynmaatskappy het in die woonbuurt ‘n interkerklike kapel opgerig. Saam met ander denominasies gebruik die lidmate van Rietspruit dié kapel op ‘n uitgewerkte rooster vir eredienste op Sondae.

platteland. Daarom wil ek in my navorsing oor *leierskapontwikkeling in klein landelike gemeentes van die VGKSA* by Kritzinger (1979:10) aansluit waar hy onder andere skryf:

> Hierdie studie (is) ‘n pleidooi vir die eiesoortige en belangrike aard van die plattelandse kerk. Hier is die afstande groot en die bevolking wyd verspreid. Hier is die werksgeleenthede min en die lewenstandaard laag. Hier is die kommunikasie swak en die vervoer ‘n probleem. Hierdie is die land van die wyksgemeente. Hier is die mense dikwels ongeletterd. Hier is die Kerk ... en sy bediening! Dit is Afrika.

### 1.2.2 *Die navorsingsprobleem*

Uit die amptelike kerkstatistiek (Jaarboek van die VGKSA vir 2004 Noord-Transvaal) wil ek die probleem nou van nader bekyk:

1. Uit die 128 gemeentes is 48 tans sonder ‘n eie leraar. Dit beteken dat die gemeentes met vakante leraarsposte 38% van die streeksinode se gemeentes uitmaak.
2. Volgens kerklike statistieke word 119 429 dooplidmate en 110 089 belydende lidmate in die gebiedsinode deur 96 geordende predikante bedien. Teoreties beteken dit daar is een predikant vir elke 1 244 doop- en 1 147 belydende lidmate.[23] Dié syfer van 1 147 belydende lidmate per leraar strook dan ook met vader Hastings se berekeninge in 1967 dat elke priester in Afrika ‘n kudde van kort by 1000 versorg en dat hierdie getal steeds sal toeneem. Die profetiese woorde van Hastings moet ons na byna vier dekades tot nadenke stem as hy skryf:

   > If the pastoral situation remains for long as it is at present, or if it gets seriously worse, our new Church is just going to fall apart from the inside (aangehaal deur Kritzinger 1979:2).
3. Van die gebiedsinode se 96 predikante is 41 (of dan 43%) tentmakers of

---

23. As deeltydse leraar en konsulent van drie konsulentgemeentes is ek verantwoordelik vir 1 102 belydende lidmate (Witbank-Schoongezicht 150; Ekangala 503; Ogies 310 en Merlindale 129). (Ring van Middelburg (VGKSA), ringsverslae, 20 - 22 Augustus 2004).

deeltydse leraars. Die lading doop- en belydende lidmate per predikant word hierdeur nog verder negatief beïnvloed. Vir beide leraars en gemeentes is die bestaande deeltydse of tentmakerbediening nie sonder nadele nie. Talle leraars is weens hul werksomstandighede net oor naweke vir gemeentewerk beskikbaar. Tog bied dit aan gemeentes die kans om ‘n leraar te hê, terwyl dit aan leraars weer die geleentheid bied om minstens deeltyds in die bediening te staan (Louw 2004). Dié situasie noop die VGKSA om in ‘n konteks van materiële armoede na ander alternatiewe te kyk wat aanvullend kan wees tot die bestaande bedieningspraktyk.

4. In die 119 429 dooplidmate lê die toekoms van die VGKSA. Dit maak die ontwikkeling van jeugleiers ‘n hoë prioriteit in gemeentes.
5. Die 48 gemeentes sonder eie predikante verteenwoordig nagenoeg ‘n totaal van 27 482 belydende lidmate of dan 33% van die streeksinode se lidmatetal.
6. Van die 48 gemeentes met vakante leraarsposte is 23 klein gemeentes met ‘n maksimum van 400 belydende lidmate. Van die gemeentes met vakante leraarsposte is 48% *klein en arm plattelandse gemeentes*.
7. Van die 25 groot gemeentes met vakante leraarsposte word *nege*, of dan 36%, tans nog deur 10 evangeliste bedien. (Sien tabel 1.1)
8. Daar is 39 gemeentes sonder ‘n eie leraar wat net op ‘n konsulent aangewese is. Dié 39 verteenwoordig 81% van die gemeentes met vakante leraarsposte waar teologies onopgeleide persone Sondag na Sondag op deurlopende basis die prediking en pastorale pligte behartig. As ons die groot landelike gemeentes se onbekende getal wykskerke ook byreken, word ‘n donker prentjie geskilder.

### *1.2.3 Die navorsingsvraag*

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat die groot persentasie gemeentes met vakante leraarsposte die sinode van Noord-Transvaal (VGKSA) se topleiding voor ‘n probleem stel. Vrae wat op die tafel moet kom, is:

1. Kan ons ‘agter’ die preekstoel sonder goeie prediking en sonder

geloofwaardige bedieninge 'n gemeente bou? (Vgl Nel 2001:12).

2. Moet ons nie ernstig besin oor 'n kontekstuele teologie van die bediening nie? Die kerk se bedieningspatroon moet gerig wees op die *situasie*. Klein landelike gemeentes kan óf outonoom óf geïsoleerde wykskerke van 'n groot plattelandse gemeente wees. Ook die wykskerk as plaaslike groep Christene is voluit 'n gemeente (Kritzinger 1979:2, 4, 30, 226).
3. Watter strategieë kan die VGKSA volg om gemeenteleiers op te lei as tentmakerleraars vir klein, materieel arm en sukkelende gemeentes op die platteland?
4. Watter leierskapontwikkelingsprogramme kan gebruik of ontwikkel word vir die opleiding van tentmakers na die Pauliniese model[24] om vanuit die plaaslike konteks te voorsien in die bedieningsbehoeftes van klein en dikwels arm landelike gemeentes?
5. Hoe kan ons in die opleiding van gemeenteleiers met die oog op 'n tentmakerbediening in klein, arm landelike gemeentes voorkom dat die kerk weer in dieselfde slagyster trap as met evangeliste wat as halwe en goedkoop leraars gesien is? (vgl. Kritzinger 1979:32)
6. Hoe kan 'n leierskapontwikkelingsprogram ook gerig wees op die skoling van alle gemeenteleiers sodat die gemeente kan funksioneer as die liggaam van Christus binne die herder-kuddemodel van gemeente-inrigting?

My vraag en navorsingsprobleem is: Hoe kan ons binne 'n konteks van armoede in klein landelike gemeentes van die VGKSA die leierskap-potensiaal van bewese plaaslike gemeenteleiers ontwikkel en optimaliseer as eiesoortige tentmakerleraars na die Pauliniese model sodat God se koms deur die plaaslike gemeente in hierdie wêreld gedien word?

### *1.2.4 Die navorsingstema*

---

24. Die tentmakerbediening word in hoofstuk 2 (paragraaf 2.6) bespreek. Die Pauliniese model verwys na tentmakerleraars wat, na die voorbeeld van Paulus, geen of weinig vergoeding uit gemeentes kry.

Dit is deur die Heilige Gees dat die Here Jesus die Christendom in hierdie wêreld as sy liggaam opbou om sy histories-aardse bestaans-wyse te wees (Hendriks 1992:86). Met gawes van die Gees rus die Here gelowige mense toe vir die dienstaak én die opbou van die gemeente (Pieterse 2001:24). Deur sy Gees gee God sy gawes as 'n *verskeidenheid bedieninge*, die gawe om te *preek* (1 Korintiërs 12:1,5,10; 1 Petrus 4:11), asook die gawes om te *dien*, te *onderrig*, te *bemoedig*, *leiding te gee* en om *ander te help* (Romeine 12:6-8), dog altyd in 'n dampkring van liefde binne die Christelike geloofsgemeenskap (Richards & Hoeldtke 1980:49).
Maar as gawes gee God ook sekere ampte, soos apostels, profete, evangeliste, herders en leraars om die gelowiges toe te rus vir hulle dienstaak én vir die opbou van die liggaam van Christus sodat die gemeente tot geestelike volwassenheid kan groei (Efesiërs 4:11-13). Daarom kan die kerk in sy bediening na binne, maar ook na die wêreld "never settle for less than God's best" (vgl Nel 2001:7).

God is 'n dinamiese, lewende God wat met ons op weg is deur die geskiedenis (Pieterse 2001:12) en veral op weg is met klein, arm en dikwels sukkelende gemeentes wat juis dáár binne 'n konteks van armoede en afgesonderdheid ook die Here se kudde en Christus se liggaam is. Belhar (Artikel 4) roep ons op om in dié saak te staan waar God staan, want God is op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte (Botha & Naudé 1998:53), of dan '*God's preferential option for the poor*' (Bosch 1990:42) as 'n praktiese solidariteit met die armes (Pieterse 2001:77). Waar lyding en nood is, dáár moet die bevoorregtes staan in gehoorsaamheid aan Christus as die Here. Hierdie praktiese solidariteit[25] geld ook vir die arm gemeentes in hul stryd om oorlewing.

Die Kerk waarin ek 'n leraar is, sal vanuit sy eie belydenis erns moet maak met die

25. Volgens Heitink (1999:264) moet ons die woord *solidariteit* met omsigtigheid gebruik, want ons probeerslae om 'deur oë van die minderbevoorregtes' na die samelewing te kyk, kan leerervarings wees, maar ons bly buitestaanders tensy ons bereid is om tussen die armes te bly en volledig in hul lewens te deel. In 'n ander konteks het Dorothy Sölle haar só in Latyns-Amerika uitgelaat: "I cannot bring you the theology you need. That would be arrogance and cultural imperialism. What I can do is to try to explain as honestly as I can why I, a white woman belonging to the middle classes of the First World need faith ... (and attempts) to be a Christian in the context of the rich and despairing world" (Aangehaal deur Heitink 1999:153).

navorsingsvraag oor die ontwikkeling en optimalisering van leierskappotensiaal in klein, arm, plattelandse gemeentes, want anders kan die nuwe VGKSA dalk in die woorde van vader Hastings 'van binne inmekaarval' (Kritzinger 1979:2). Ek formuleer die navorsingstema as: *Leierskapontwikkeling in klein landelike gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.* Die grondlyne van die studie se wetenskaplik-teoretiese begronding kom vervolgens aan die beurt.

## 1.3 WETENSKAPLIK-TEORETIESE BEGRONDING

### *1.3.1 Doel van die ondersoek*

Die *doel* van hierdie ondersoek is die daarstelling van 'n praktykteorie vir leierskapontwikkeling om bewese plaaslike gemeenteleiers toe te rus vir hul dienswerk as tentmakers na die Pauliniese model in die opbou van klein landelike gemeentes binne 'n konteks van armoede. Dit beteken dan ook die teruggee van die gemeentebediening aan die lidmate sodat die *amp* van die gelowige in 'n kontekstuele teologie van die bediening in veral arm landelike gemeentes tot sy reg kan komom daardeur die koms van God in hierdie wêreld te dien (Heyns & Pieterse 1990:7). Alhoewel leierskap bydra tot die opbou van die gemeente, is die primêre fokus van hierdie studie nóg gemeentebou nóg kerkgroei. Ek motiveer my keuse in hoofstuk 4 (paragraaf 4.2.3).

### *1.3.2 Wetenskaplik-teoretiese vertrekpunte*

*Leierskapontwikkeling in klein landelike gemeentes van die VGKSA* is 'n prakties-teologiese studie. *Teologie* as wetenskap is mensewerk waar op menslike wyse oor God nagedink, beredeneer en besin word. As sodanig is teologie net 'n *mensewoord oor God*, want God kan nooit die objek van wetenskaplike studie wees nie. Daarom kan teologie hoogstens die wetenskaplike bestudering van mense se geloof *in* God en mense se geloofsuitsprake *oor* God wees. Teologie is nie 'n intellektuele spel nie, maar staan in diens van die evangelie en in diens van die medemense (Heyns 1993a:147).

Die Bybelvakke, sistematiese teologie, kerkgeskiedenis, missiologie en die praktiese teologie

omvorm teologie tot ‘n kaleidoskoop van kleure. Elke kleur as ‘n eie teologiese studieveld vorm ‘n organiese geheel. *Praktiese teologie* is ‘n studieveld van die teologie. ‘n Studieveld is dus nie ‘n gedeelte van die teologie nie, maar is ‘n bepaalde perspektief op die teologie as geheel (Heyns & Pieterse 1998:3, 5).

As studieveld van die teologie plaas praktiese teologie die geloofs-handelinge van mense onder die soeklig, want dit is die handelinge wat die koms van God na hierdie wêreld dien (Heyns 1993a:148). Daar is ‘n sin waarin alle teologie ‘n praktiese aard het en waar die objek van die teologie die geloofservaringe en geloofshandelinge van Christene is, maar die kerklike praktyk is die *spesifieke objek* van die praktiese teologie (Pieterse 1993:41).

Binne die teologie is die praktiese teologie dus die vak wat besig bly met die vraag na die effektiewe funksionering van die kerk in die praktyk van die daaglikse lewe. Daarom moet ons rekening hou met die kerk as *pneumatologiese werklikheid* as ‘n skepping van die Gees, ‘n *antropo-logiese werklikheid* as ‘n gemeenskap van gewone mense, en as *empiriese werklikheid* as maaksel van dieselfde God wat die kerk geskep het. Tussen kerklike en wêreldse prosesse sal daar dus bepaalde ooreenkomste wees (Burger 1991a:27-31).

Die objek van die praktiese teologie is dus die praxis, maar dan nie net die praxis van die pastor nie, maar die praxis van die kerk, van die gemeente, van die geloofsgemeenskap waaraan pastores en gemeente-lede ‘n gelyke deel het (Pieterse 1993:42). Nou val die fokus op kerugma, leitourgia, koinonia en diakonia as die wesenlike funksies van die gemeente wat die behoefte aan ‘n eie prakties-teologiese ekklesiologie laat ontstaan as een van die mees fundamentele basisteorieë van die praktiese teologie (Heyns 1992a:341; Pieterse 1993:42, 43).

Die studieveld van die praktiese teologie is die hele bediening wat bestaan uit al die kommunikatiewe handelinge in diens van die oordra van die evangelie. Praktiese teologie is ‘n wetenskap in eie reg wat gerig is op die geloofspraxis van die kerk en die samelewing. As wetenskap vorm die praktiese teologie eie prakties-teologiese teorieë en gebruik ook eie wetenskaplike metodes om die empiriese werklikheid te ondersoek (Heyns & Pieterse 1998:11).

Die ontmoeting tussen God en mens vind plaas in die leefwêreld van die mens. Tussen God se handelinge en dié van die mens is daar geen spanning nie, maar dit open juis die weg tot 'n empiriese benadering van mense waar hulle bemiddelend optree as predikers in die verkondiging van die Woord, of in krisistye mekaar ondersteun en vertroos. Waar die ander teologiese vakke die Bybel het as teks, het die praktiese teologie die gelowige mens as teks, maar tussen dié twee tekste is daar 'n voortdurende wisselwerking (Heitink 1977:22).

Op metateoretiese vlak geld veral twee teorieë as paradigma[26] vir praktiese teologie, naamlik die *kommunikatiewe handelingsteorie* en die *sisteemteorie* (Heyns & Pieterse 1990: 53; De Jongh van Arkel 1991:62, 73). Deur die insigte van beide teorieë te sintetiseer, kan die praxis of objek van studie in die praktiese teologie beskryf word as kommunikatiewe handelingsisteme binne en buite die kerk in diens van die evangelie (Firet 1980:22; Heyns & Pieterse 1990:53; De Jongh van Arkel 1991:62). Vir die praktiese teologie baan dit nou die weg om 'n verskeidenheid van relevante sake te ondersoek. Die paradigma vir hierdie studie is die praktiese teologie as 'n teologiese kommunikatiewe handelingswetenskap. Die kommunikatiewe menslike handelinge staan binne en buite die kerk in diens van die evangelie. As sulks bring dit tot uitdrukking die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges (Pieterse 1993:7).

Al die handelinge en handelingsvelde van die praktiese teologie word geraak deur die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Ons moet die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie ook verstaan binne die konteks van die samelewing waar die gemeente in haar konkrete gestaltes sigbaar en waarneembaar bestaan en funksioneer. Die kommunikasie van die evangelie geskied in verskillende situasies met verskillende handelinge waarvan prediking, diens en gemeentebou enkeles is (Pieterse 1993:2, 8). Uiteraard sou dit ook leierskap en leierskapontwikkeling insluit.

---

28. *Paradigma* dui op 'n patroon van dink wat met tydsverloop 'n vaste vorm gekry het (Smit 1995:18). Binne die konteks van hierdie ondersoek word *paradigma* dus gesien as die kader waarbinne teorievorming tans in die praktiese teologie plaasvind (HAT 1994, s v 'paradigma').

Saam met induktiewe en deduktiewe denke is die teorie-praxis-verhouding die praktiese teoloog se professionele gereedskap. Daar is geen suiwer teorie of praxis nie, want teorie en praxis is gelykwaardig. Tog is daar 'n verskeidenheid verhoudinge waarin teorie en praxis tot mekaar kan staan wat wissel van volledige skeiding tot identifikasie met mekaar (Heyns & Pieterse 1998:31).

In die verhouding tussen teologiese teorie en kerklike praxis is daar nóg volledige skeiding nóg volledige identifikasie, maar wel 'n kritiese bipolêre spanningsverhouding. Dié bipolêre spanningsverhouding verseker twee dinge in die teorie-praxisverhouding: enersyds *nie te veel spanning* wat *verwydering bring* nie, en andersyds *nie te min spanning* wat die *wedersydse kritiese ingesteldheid bedreig* nie (Heitink 1993: 152;153). Teorie en praxis moet saam deel word van 'n lewende, dinamiese wisselwerkende proses waar openheid voorop staan (Heyns & Pieterse 1998:32). Die *doel* van die praktiese teologie is nie net *beskrywing* en *verklaring* nie, maar ook *verandering* en *beïnvloeding* van die empiriese werklikheid (Heitink 1993:6).

Ek het die *navorsingsprobleem*, *die navorsingsvraag*, en *die navorsings-tema* in paragrawe 1.2.2, 1.2.3 en 1.2.4 beskryf. Die *breë wetenskap-teoretiese raam* vir die studie is in paragraaf 1.3 gegee. In hoofstuk 5 kom die empiriese ondersoek aan die beurt. Daar beskryf ek die metodologiese benadering, die metodes van data-insameling en steek-proefneming (Dreyer 1992: 341, 342; Meson 2002:45). Die resultaat van die empiriese ondersoek word ook dan aangebied.

## 1.4 KONKLUSIE

Dié hoofstuk vorm die basis vir die volgende werkshipotese:

1. Klein landelike gemeentes in die VGKSA sit vasgevang in 'n verskraalde bedieningsbegrip wat die ampte voorop stel en die gemeentelede se potensiaal en charismata onderbenut.

2. Waar die amp oorheers, moet struktuurverandering weer die charismata en diakonia tot hul reg laat kom.
3. Die bestaande bedieningspraktyk waar slegs van *reeds opgeleide persone* vir die tentmakerbediening gebruik gemaak word, sal onder die vergrootglas moet kom om ook ander alternatiewe te ondersoek wat, binne 'n konteks van armoede, aanvullend kan wees tot die bestaande bedieningspraktyk.

## 1.5 RAAMWERK VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die studie verloop as volg:

**Hoofstuk 1**

*Inleiding tot die navorsingsprobleem.* Ek gee die agtergrond en stel ook die wetenskaplik-teoretiese vertrekpunte aan die orde.

**Hoofstuk 2**

*Klein landelike gemeentes van die VGKSA vanuit 'n prakties-teologies perspektief.* Die bediening, strukture en die tentmaker-bediening kom hier ter sprake.

**Hoofstuk 3**

*'n Prakties-teologiese ekklesiologie* vorm die onderwerp van dié hoofstuk.

**Hoofstuk 4**

Ek kyk na *leierskap* vanuit die sekulêre wêreld én die kerk. Saam daarmee kom *bestuur* en *leierskapontwikkeling* ook op die tafel.

**Hoofstuk 5**

*Navorsingsontwerp, empiriese ondersoek* en dié se *resultaat* word aangebied

vir die teorie-praxisdialoog.

**Hoofstuk 6**

*'n Praktykteorie vir leierskapontwikkeling in klein landelike gemeentes van die VGKSA* is my bydrae as soeke na 'n moontlike en werkbare oplossing vir die navorsingsprobleem.